

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

ds. PJ Kriel

Dooppreek vir Marno Ras

24.06.2018

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus as 'n heilige baba gebore is om die Here te wees wat gelowige ouers se babas ook as heilige babas gebore laat word. Die doop wys dat hierdie babas heilig gebore is en heilige babas is, soos die Here ook self 'n heilige baba was. Christus bewerk hierdie heiligheid vir babas deur hulle, nes hulle ouers, in te sluit in wie Hy as mens vandag in die hemel is en deur die krag van sy godheid hulle sondige geaardheid ook weg te sny. Christene word ingesluit in wie Jesus as mens is deur sy maagdelike geboorte. Geestelikes glo in ander Jesus as die baba wat heilig gebore is uit die maagd Maria. Hulle glo in Jesus as 'n mens in wie God se goddelike krag en mag weer gebore is. Daarom verwerp hulle die heiligheid wat die Here babas van gelowige ouers mee gebore laat word, en daarmee saam hulle doop. Geestelikes se heiligheid is nie menslike sondeloosheid nie, maar menslike goddelikheid wat babas nie kan wees nie.

Skriflesing Lukas 1: 30 -35; 1 Korintiërs 7: 12 – 14; Kolossense 1: 21; 10 – 14.

Teks Luk.1: 35 Daarom sal die kind wat gebore word heilig genome word, die Seun van God” en 1 Kor.7:14 “anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.”

Tema: Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

1. Ons doop vanoggend vir Marno omdat hy heilig is. Die Here het gesorg dat hy as 'n heilige babatjie gebore is, net soos die Here self as 'n heilige babatjie gebore was.

Die verskil tussen die doop van babas en die doop van bekeerde grootmense gaan oor die verskil in die geloof in die maagdelike geboorte van die Here Jesus Christus. Deur Marno as baba te doop kom die werklike verskil waaroor die doop van kinders en die bekeringsdoop van geestelikes openlik in ons gemeente en gemeenskap aan die orde.

Dit waaroor die kerk van die Here en geestelikes werklik met mekaar verskil in die doop as teken, is die betekenis van die maagdelike geboorte van Christus!

Wat Christus se maagdelike geboorte vir Marno vanoggend as baba beteken is helder en duidelik sigbaar in twee verse, die vers wat wys as wat se babatjie is Jesus self gebore en die vers wat vir ons wys hoe Christus Marno as babatjie gebore laat word het.

Kom ons kyk na hierdie twee verse! Lukas 1:35 wys as wat se babatjie is Jesus gebore uit die maagd Maria. Die engele self kondig dit onbetwisbaar aan: “Daarom sal die kind wat gebore word, heilig genoem word, die seun van God.” Jesus is as 'n

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

heilige babatjie gebore uit die maagd Maria. In 1 Korintiërs 7: 14 sien ons hoe het Jesus gesorg dat Marno as die kindjie gebore is wat MJ en Jessica verwek het: Hy is nie onrein gebore nie, hy is net soos Jesus as 'n babatjie heilig gebore!

En dit is iets wat Jesus Christus laat gebeur het: dat Marno wat MJ en Jessica verwek het, as 'n heilige babatjie, net soos Jesus gebore is.

2. Dit is die ontdekking wat ons vanoggend saam in die Here se Woord moet maak: hoe maak Jesus se geboorte as 'n heilige babatjie, Marno 'n heilige babatjie?

Wat is 'n heilige babatjie?

1 Korintiërs 7:14 wys vir ons dit is die teenoorgestelde van onrein babas. Alle babas wat buite Christus gebore word, is onrein babas. Alle babas wat in Christus gebore word, is heilige babas.

Ons kan dit toelig met die kleinhasievoorbeeld!

Wanneer Marno se boetie, MJ, of sy sussie, Melike, in die veld gaan loop, en een van hulle tel 'n klein hasie op, wat nog net so een of twee dae oud is, wie se mamma en pappa gevang en geëet is, wie oortjies so plat teen sy lyfie druk en sy neusie so vinnig op en af gaan van bangheid, en hulle kom by hulle ma en vra of hulle hierdie klein hasie net vir so klein rukkies in die huis kan hou, voor hy nog enige iets verkeerd kan doen, wat gaan hulle ma sê?

“Mag hierdie klein hasie, om nie dood te gaan nie, net vir so rukkies in die huis wees?”
“Gaan sy “ja” sê of gaan hulle ma sê: “nee, vat hom uit dat hy daar buite doodgaan?”

Daar is geen manier dat sy kan nee sê nie. Vir 'n kleinhasie moet sy “ja” sê.

Sê nou maar die volgende dag gaan stap hulle weer in die veld. Hierdie keer tel hulle 'n klein swartmambaslang babatjie wie se pappa en mamma ook dood gemaak is op. Hy is so klein dat jy amper nie sy koppie kan sien nie, en sy kleintongetjie bewe sommer so van bangheid, en julle vra vir mamma of julle hom nie net 'n klein rukkies in die huis kan hou nie, want anders sal hy doodgaan, wat gaan sy nou sê?

Daar is nie manier waarop sy hierdie keer gaan “ja” sê nie. Sy gaan hom nie in die huis toelaat nie want sy wil hê daardie klein swartmambatjie, al is hy ook sonder 'n pappa en mamma, moet ook buite haar huis doodgaan!

3. Hoekom maak sy só?

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

Die klein hasie mag bietjie in die huis wees, maar die klein swartmambatjie, mag jy nie eers oor die drumpel bring nie, en sy gee niks om dat hy doodgaan nie, al is hy klein en sonder 'n pappa en mamma?

Wat is haar saak?

Dit kan nie heeltemal wees dat die klein swartmambatjie, dodelik is en verkeerd gaan doen nie, want binne die glaskas waarin hy net vir so paar dae kan bly, is hy nie dodelik gevaarlik nie. Hy gaan sy moeilikheid eers maak as hy bietjie groter is, maar dan los ons hom mos buite die huis!

Haar saak is nie dat jy hom buite die huis kan los nie, jy mag hom nie eers naby die huis uitlos nie. Hy moet ver weg as hy nie sommer dadelik moet dood nie.

Is sy deurmekaar? Kan sy nie sien hoe klein, bang en onskuldig is hierdie ou slangetjie wat sonder 'n pappa of mamma is nie? Is sy 'n simpel deurmekaar ma of is sy reg om 'n klein hasie in die huis toe te laat maar 'n klein slangetjie nie eers naby die huis toe te laat nie?

Haar saak klink só: dit gaan nie oor hoe groot of klein dit is nie, dit is 'n slang! Slange kom nie in haar huis nie! Nie kleintjies nie! Nie klein weeskinderslangetjies nie! Nie klein "cute" of mooi slangetjies nie!

Hoekom nie? Een dogter het dit eendag in die finalejaarsklas só gestel: "Dominee, dit gaan nie oor hoe klein die ding is nie. Dit is net die idee dat daar 'n slang in die huis is. Dit is erg genoeg! Ons verdra geen slange in die huis nie, ook nie kleintjies nie!

3. Is babatjies wat gebore word, klein hasies of klein slangetjies?

Paulus sê dat as babatjies se ouers al twee ongelowiges is, mense wat nie aan die Here Jesus behoort nie, is hulle onrein. Hierdie woord "onrein" beteken nie dat hulle al enige sonde gedoen het nie. Dit beteken dat hulle 'n sondige geaardheid het.

Wat beteken 'n sondige geaardheid?

Dit beteken om soos 'n slangetjie te wees! Jy het nog niks verkeerds gedoen nie, maar omdat jy 'n slang is, gaan jy mense pik en gaan jou gif hulle seermaak of sommer ook dood maak.

Elke baba wat gebore word buite Christus, is onrein. Het 'n sondige geaardheid en gaan met hierdie sondige geaardheid mense seer maak en verniel.

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

Moet die Here klein slangetjies in sy huis, sy kerk toelaat, of gaan Hy ook nes enige goeie ma sorg dat klein babatjies wat sondig van geaardheid is nie eers in sy huis mag inkom nie?

Hulle gaan nie eers in sy kerk inkom nie! Al is hulle nog klein en swak, hulle is onrein!

4. Dit is hoekom Jesus op 'n baie ander manier as gewone babas gebore is: sodat Hy nie ook onrein gebore was nie, maar gebore is as 'n heilige babatjie!

Hy is ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. Wat beteken dit? Dit beteken God het Jesus 'n babatjie gemaak, sonder dat Hy 'n pa gehad het. God het deur sy krag Jesus as 'n babatjie gemaak deur sy krag as God en uit Maria as sy ma, maar sonder 'n pa.

Dit is soos die engel dit vir Maria aangekondig het. En daarom is Jesus nog steeds 'n gewone babatjie soos enige ander babatjie gewees, met die een groot verskil: Hy is gebore as 'n hasie en nie as 'n slangetjie nie.

Dit is wat die woord "heilig" beteken. Hy is so onskuldig en goed in sy liefde as babatjie net soos 'n hasie. Hy is nie so sleg en gevaarlik soos 'n klein swartmambatjie nie.

Jesus is gebore as 'n klein hasie, onskuldig en heilig.

5. Hoekom is Hy op so 'n besondere manier gebore?

Sodat Hy as die Seun van God kan sorg dat Hy mense kan verander van swartmambas na hasies! Hy maak sondaars ook mense wat net soos Hy heilig is!

Dit stel Paulus in die brief Kolossense 1: 21, 22: "Ook julle was voorheen van Hom vervreem, ja vyandiggesind teenoor Hom op grond van julle slegte daade, maar nou het Hy julle deur sy liggaam met homself versoen, sodat Hy deur sy dood julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel."

Dit is mos presies wat hier in die Woord van die Here staan: die Here maak swartmambas hasies! Mense wat met slegte daade, giftige optredes, van God vervreem is, slange is waarvan God nie hou nie, wat vyandiggesind is teenoor God, wat God net wil pik soos hulle mense pik, maak God mense wat net soos Hy as mens heilig, sonder foute en onberispelik in hulle liefde vir God is.

Dit is mos hasies! Dit is hoekom die Seun van God 'n heilige mens geword het, 'n hasie, om mense wat slange is, hasies te maak! Mense wat net soos hy in sy

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

menslike liefde vir God en mense heilig, sonder foute en onberispelik in hulle liefde is.

6. Hoe doen die Here dit?

Deur mense in te sluit in wie Hy is as mens is en hulle sondige geaardheid weg te sny! Dit verduidelik Paulus in Kolossense 2: 10 – 14 met die doop waarmee ons vanoggend vir Marno doop! (2:12)

Die doop met water is 'n teken dat ons ingedoop is in die kruisiging van die Here, die begrafnis van die Here en ook in die opstanding van die Here as mens uit die dood uit om vandag weer mens in die hemel te wees.

- Deur ons in te sluit in sy kruisiging word alle aanklagte teen ons sondes uitgewis en weggeneem.
- Deur ons in te sluit in sy begrafnis begrawe die Here al ons oortredinge saam met Hom.
- Deur ons in te sluit en te laat deel in sy opstanding uit die dood, sny die Here ons sondige geaardheid weg. Dit is soos om vrot gedeelte van 'n vrug met die wurm in, weg te sny sodat die deel wat oor is sonder enige vrot is.

Wanneer die Here jou so insluit in wie Hy is en wat Hy vir jou doen, dan verander Hy jou van 'n slang na 'n hasie: Hy maak dat jy ook net soos Hy heilig, sonder foute en onberispelik vir God is, al sukkel jy nog met sonde.

Daarom moet ons hierdie twee sinne saam lees: “Luk. 1: Teks Luk.1: 35 Daarom sal die kind wat gebore word heilig genoem word, die Seun van God” en Kol. 1: 22: “sodat Hy deur sy dood julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel.”

Soos Jesus deur sy geboorte 'n heilige mens is, maak Hy dat deur sy dood as onheilige mens Hy ons deel van sy heiligheid, foutloosheid en onberispelikheid. En daardeur sny uit ons vrot weg, ons sondige aard wat ons slange maak. Hy maak ons hasies net soos Hy self 'n onskuldige hasie is.

Hy is heilig en Hy maak ons deel van sy heiligheid, daarom is ons ook heilig!

7. Wat die Here vir grootmense doen, doen Hy vir babatjies ook!

Ons kan Kolossense 1: 22 lees as 'n teks wat die Here vir grootmense doen: Jesus is heilig, maar sterf die dood van 'n onheilige mens, ons grootmense heilig, foutloos en onberispelik te maak, mense wat se sondige aard weggesny is!

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

Maar kyk nou wat stel Paulus in 1 Kor. 7: 14: “anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.” Die Here maak ook die kinders van die grootmense wat Hy heilig maak, heilig, sonder foute en onberispelik.

Hoekom gaan ons nou vir Marno met water doop?

Want hierdie teken wys dat Marno is heilig. Jesus het met sy mag as Seun van God, Marno heilig as 'n heilige baba gebore laat word, net soos die Here self as 'n heilige baba gebore was. Dit het die Here gedoen deur Marno in te sluit in wie Hy is en sy sondige aard weg te sny.

Ons doop Marno omdat net soos Jesus 'n hasie en nie 'n swartmambababatjie is nie! Die Here het Marno as 'n hasie gebore laat word net soos die Here self gebore was.

Die doop met water wys dat Marno heilig, sonder foute en onberispelik vir God gemaak is deur Jesus wat so gebore was.

8. Daar is baie grootmense wat vandag kwaad is omdat ons Marno doop met water om te wys Jesus het gesorg dat hy as 'n hasie gebore is: heilig net soos Jesus! Daar is regtig NG dominees, pastore en geestelike ooms en tannies wat baie kwaad is wanneer ons Marno doop om te wys hy is net so heilig gebore soos Jesus heilig gebore is.

Raai hoekom word hulle so kwaad omdat ons hom doop?

Want hulle sê hy is nie 'n hasie nie, hy is 'n klein swartmambatjie!

Hulle sal dit só verduidelik. Hulle gaan sê dat hy is nog nie wedergebore nie. Wanneer 'n mens nie wedergebore is nie beteken dit die Here het nog nie daardie sondige geaardheid wat jou 'n slang maak, weggesny nie. Daarom mag ons Marno nie doop nie.

Dit beteken mos niks anders as dat Marno volgens hulle nie die Here se hasie is nie, maar dat hy 'n swartmamba-babatjie is!

Wie wil dit vanoggend vir oom MJ en tannie Jessica sê: julle seuntjie se sondige aard is nog nie weggesny nie en daarom is julle seuntjie 'n swartmamba babatjie? Niemand sal dit sommer vir hulle openlik wil sê nie.

9. Daarom sê al hierdie mense wat kwaad is dat ons Marno doop dit op 'n baie skelm manier sodat dit klink asof dit nie so erg is nie. Hulle sal sê hy is nie heilig nie, maar hy is ook nog nie onrein nie, want hy het nog nie sondes gedoen nie.

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

Dit is teen wat die Bybel ons leer: In 1 Kor. 7:14 staan daar dat as 'n babatjie nie heilig is nie, is die babatjie onrein! Daar is nie iets tussen onrein en heilig nie. Die babatjie is of onrein, 'n swartmamba babatjie of heilig, 'n hasie!

Om mammas en pappas beter te laat voel het hulle een van die simpelste dinge uitgedink: hulle troos ma's en pa's deur vir hulle te sê hulle moet hulle onrein babatjies aan die Here opdra! As hulle hul onrein babatjies aan die Here gee, dan sal hulle die Here se onrein babatjies wees en nie hulle eie onrein babatjies nie.

Dink julle oom MJ en tannie Jessica gaan vanoggend beter voel as ons vir hulle vertel dat julle kan getroos wees dat julle onrein seuntjie is die Here se onrein seuntjie?

Dis mos sommer net nonsens wat hierdie mense praat! Ons doop Marno omdat Jesus gesorg het dat hy as 'n heilige baba gebore is. Dit is wat die Here vir hom gedoen en met hom laat gebeur het. Net so heilig, foutloos en onberispelik soos Jesus gebore omdat Jesus Hom insluit en sy vrot kol weggesny het.

10. Hierdie grootmense wat só oor kinders praat, hou glad nie van kinders nie. Daarom hou ook glad nie van hoe Jesus as 'n babatjie gebore is nie. Want hulle hou nie van babatjies en kinders nie.

Wanneer jy luister hoe hulle wil hê ons net grootmense met water mag doop, dan hoor jy iets heeltemal anders as die Here wat 'n hasie gebore is en wat maak dat kinders as hasies gebore word net soos Hy.

Hulle wil nie die Here se hasies wees soos die Here 'n hasie is nie. Hulle wil groot en magtige leeus wees. Daarom haat hulle die idee dat die Here as 'n hasie gebore is, as 'n heilige baba gebore is uit die maagd Maria.

Hulle verander die hele evangelie en maak sommer 'n heeltemal simpel geboorte waarop nie regtig 'n geboorte is nie maar sommer net 'n grootpraatstorie is. Hulle maak die storie op dat Jesus 'n mens geword het sodat God met al sy goddelike krag en mag binne in mense gebore kan word.

Dit is wat hulle hul wedergeboorte en hulle bekering noem: hulle glo dat God met al sy goddelike krag en mag in hulle lewe inkom, en God in hulle gebore word sodat hulle mense is wat met God se krag en mag lewe.

God word binne hulle gebore om hulle God se leeus te maak wat met God se krag en mag leef. Daarom wys die doop vir hulle God is binne hulle gebore soos God binne in Jesus gebore is en dat hulle met God se krag en mag leef soos Jesus met

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

God se krag en mag geleef het. Hulle doop daarom net grootmense wat God se leeus geword het!

11. Is Jesus as 'n leeu gebore of as 'n hasie?

Dit is die werklike vraag en antwoord wat maak of ons Marno kan doop en of ons moet wag dat hy eers eendag tot bekering kom voor hy gedoop mag word.

Jesus is gebore uit die maagd Maria om 'n heilige babatjie te wees, foutloos en onberispelik in sy liefde vir God. Hy is as 'n hasie gebore, om mense ook heilige, foutlose en onberispelike mense te maak: groot mense en babas!

Jesus is nie as 'n leeu gebore nie. Dit is as 'n mens in wie God ingekom het om met sy goddelike krag en lewe binne in mense op te staan nie. Want Jesus is self die seun van God.

Daarom doop ons Marno as 'n baba wat Jesus ingesluit het in sy eie geboorte en lewe om net so heilig gebore te kan word soos Jesus self heilig gebore is.

12. Dit is hoe die doop ons wys hoe om hom in Christus te ontdek!

Ons kind, is 'n kind van God die Vader, ingesluit in Jesus Christus! Ingedoop in Jesus Christus as Here!

Dit is nie sommer net mooi kerkwoorde wat ons vanoggend vir mekaar sê om 'n mooi kerklike seremonie op te maak nie. Marno is regtig ingesluit in Jesus Christus en daarom is God die Vader sy Vader en het hy die Heilige Gees as Trooster ontvang.

Dit is hoe ons hom doop: in die Naam van die Vader, wat god die Vader is jou Vader! In die Naam van die Seun wat jy in ingesluit in die geboorte, lyding, kruisiging sterwe en opstanding van die Seun! In die Naam van die Heilige Gees want jy het die Heilige Gees ontvang wat jou reggesny het om God se hasie te wees: heilig, foutloos en onberispelik!

Daarom ontdek gelowige ouers hulle kinders as kinders wat hulle Vader wil ken en vir Hom heilig, foutloos en onberispelik wil wees! Marno het die behoefte om so te wees vir God! Kinders se ouers mag nie maak asof hul kinders nie hierdie behoefte het om God die Vader as hul Vader te ken nie, want hulle is heilig gebore!

13. Dit is wat dit beteken om Christelike ouers te wees: om my kind se behoefte om sy Vader te wil ken en vir Hom heilig, foutloos en onberispelik te wil wees, en hierdie behoefte te bedien.

Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word

Watter verbondskind ken u wat as kind die houding het om vir God vol foute te wil wees? Watter verbondskind ken u wat graag wil hê dat hy God se berispelike kind sal wees? Dit is hulle ingestelde houding om die sekuriteit te wil hê dat hulle vir God hul Vader heilig, foutloos en onberispelik sal wees.

Daarom het die Here hulle ook ingedoop om met hierdie waterteken daarvan verseker te kan word elke dag – vir God is jy heilig, foutloos en onberispelik want Jesus maak jou só vir Hom!

U as ouers moet vir Marno en u kinders getuie wees dat Christus hulle in sy eie geboorte as baba ingesluit het sodat hulle ook as babas en kleintjies kan deel in wie Jesus vir en saam met hulle is.

Dit is baie keer hier waar ouers nie meer vir hul kinders getuie wil wees nie. Want in hulle glo nie meer vir hulle self dat hulle vir God heilig, foutloos en onberispelik is nie. Dit is daarom dat Paulus die gemeente oproep dat om in hierdie sondeloosheid verseker te wees, hulle nie die hoop van die evangelie mag verloor nie – hulle moet glo dat hulle ingesluit is Christus en deel is van wie Christus is toe Hy gebore is uit die maagd Maria.

Baie keer kan grootmense nie meer glo hulle is heilig, foutloos en onberispelik vir God nie, omdat iemand hulle langs die pad oortuig het dat hulle vir God leus kon word. En iewers het hulle ontdek dat hulle nooit God se leus was nie en nou weet hulle nie meer wie hulle moet wees nie.

Die slegste ding wat moedelse ouers vir hul kinders kan sê, is dat hulle eendag maar self moet besluit of hulle swartmamba of hasies wil wees. Die kinders! Kan julle dink wat gaan julle ouers met julle doen, as hulle nie glo jy is die Here se hasie nie en jy kan dalk eendag 'n swartmamba wees – en daarom behandel hulle jou soos iemand wat eendag 'n swartmamba kan wees? Dit is regtig die ergste ding wat ouers met kinders kan doen!

Kom ons ontdek weer die evangelie vanoggend – Jesus is gebore as 'n heilige babatjie om ons onreinheid weg te vat en ons te laat deel in wie Hy as mens is! Die Here het ons swartmamba-geaardheid weggesny om hasies te wees.

Kom ons ontdek weer hierdie gawe wat die Here vir ons bewerk het as gesinne saam: deur sy geboorte as 'n heilige baba, het die Here ons en ons kinders heilig, foutloos en onberispelik vir God gemaak.